STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer *Registered at the Post Office as a Newspaper*

Prys 20c Price
Oorsee 30c Overseas
POSVRY—POST FREE

VOL. 133] KAAPSTAD, 23 JULIE 1976 CAPE TOWN, 23 JULY 1976 [No. 5217

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 1236. 23 Julie 1976.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word: —

No. 101 van 1976: Wysigingswet op Finansiële Instellings, 1976.

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER

No. 1236. 23 July 1976.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information: —

No. 101 of 1976: Financial Institutions Amendment Act, 1976.

WET

Tot wysiging van die Versekeringswet, 1943, ten einde sekere uitdrukkings te omskryf of nader te omskryf; voorsiening te maak vir die omskepping van buitelandse versekeraars tot binnelandse versekeraars; die voorskrifte met betrekking tot opgawes en waardering van bates en opgawes en waardering van verbintenisse te wysig; die besit van bates verder te reël; voorsiening te maak vir die reëling van vergoeding vir sekere dienste; die beperking op betalings by die dood van kinders te wysig; en die bepalings met betrekking tot strawwe aan te vul; tot wysiging van die Wet op Beheer van Effektebeurse, 1947, ten einde die publikasie deur 'n ander persoon as 'n gelisensieerde effektebeurs van besonderhede ten opsigte van sekere effekte te verbied; tot wysiging van die Wet op Beheer van Effektetrustskemas, 1947, ten einde die uitdrukking „likwiede bates" te omskryf; die voorskrifte met betrekking tot die insluiting van goedgekeurde effekte in elke effektegroep te vervang en in plaas daarvan voorsiening te maak vir die insluiting van likwiede bates in sekere effektegroepe; en ook 'n binnelandse versekeraar toe te laat om as trustee vir 'n effektetrustskema op te tree; tot wysiging van die Wet op Pensioenfondse, 1956, ten einde sekere uitdrukkings te omskryf of nader te omskryf; die besit van bates vir die doeleindes van artikel 19 (1) van genoemde Wet en die toestaan van lenings deur pensioenfondse aan hulle lede verder te reël; en om vir die beskerming van pensioenvoordele voorsiening te maak; tot wysiging van die Wet op Onderlinge Hulpverenigings, 1956, ten einde die omskrywing van die uitdrukking „registrateur" te verander; die bedrag waarvoor die lewe van 'n kind benede die leeftyd van veertien jaar verseker mag word, te verhoog; die besit van bates vir die doeleindes van artikel 20 (2) van genoemde Wet verder te reël; en om bykomende bevoegdhede aan die registrateur te verleen; tot wysiging van die Wet op Inspeksie van Finansiële Instellings, 1962, ten einde die bepalings daarvan op administreerders van die sake van onderlinge hulpverenigings toe te pas; tot wysiging van die Wet op Deelnemingsverbande, 1964, ten einde die voorwaardes waarop gelde vir belegging in deelnemingsverbande ontvang mag word, te wysig; die regte van deelnemers in deelnemingsverbande om hulle regte teenoor verbandgewers te handhaaf en om sodanige regte oor te dra of te sedeer, te wysig; voorsiening te maak vir die samesmelting van deelnemingsverbandskemas; en die voorwaardes waarop die reëls van 'n deelnemingsverbandskema gewysig mag word, uit te brei; tot wysiging van die Bankwet, 1965, ten einde sekere uitdrukkings te omskryf of nader te omskryf; vrystelling van die bepalings van die Wet uit te brei; die gronde vir intrekking of opskorting van registrasie van 'n bankinstelling uit te brei; voorsiening te maak vir die registrasie van bankbeheermaatskappye en die intrekking van sodanige registrasie, en die voorlegging deur hulle van opgawes aan die registrateur te vereis; die bevoegdhede om aanvullende likwiede bates voor te skryf, uit te brei; beperkings te plaas op sekere

ACT

To amend the Insurance Act, 1943, so as to define or further define certain expressions; to provide for the conversion of foreign insurers into domestic insurers; to amend the provisions relating to statements and valuation of assets and statements and valuation of liabilities; to further regulate the holding of assets; to provide for the regulation of remuneration for certain services; to amend the restriction on payments on death of children; and to supplement the provisions relating to penalties; to amend the Stock Exchanges Control Act, 1947, so as to prohibit the publication by a person, other than a licensed stock exchange, of particulars in respect of certain securities; to amend the Unit Trusts Control Act, 1947, so as to define the expression "liquid assets"; to replace the provisions relating to the inclusion of approved securities in every unit portfolio and to provide instead for the inclusion of liquid assets in certain unit portfolios; and to allow also a domestic insurer to act as trustee to a unit trust scheme; to amend the Pension Funds Act, 1956, so as to define or further define certain expressions; to further regulate the holding of assets for the purposes of section 19 (1) of the said Act and the granting of loans by pension funds to their members; and to provide for the protection of pension benefits; to amend the Friendly Societies Act, 1956, so as to alter the definition of the expression "registrar"; to increase the amount for which the life of a child under the age of fourteen years may be insured; to further regulate the holding of assets for the purposes of section 20 (2) of the said Act; and to grant additional powers to the registrar; to amend the Inspection of Financial Institutions Act, 1962, so as to apply the provisions thereof to administrators of the affairs of friendly societies; to amend the Participation Bonds Act, 1964, so as to alter the conditions on which moneys may be accepted for investment in participation bonds; to alter the rights of participants in participation bonds to enforce their rights against mortgagors and to transfer or cede such rights; to provide for the amalgamation of participation bond schemes; and to extend the conditions on which the rules of a participation bond scheme may be amended; to amend the Banks Act, 1965, so as to define or further define certain expressions; to extend the exemptions from the provisions of the Act; to extend the grounds for cancellation or suspension of registration of a banking institution; to provide for the registration of bank controlling companies and the cancellation of such registration and to require the submission by them of returns to the registrar; to extend the powers to prescribe supplementary liquid assets; to restrict certain transactions by banking institutions; to subject the establishment or acquisition of a subsidiary by a banking institution to the approval of the registrar; to require the submission by banking institutions of certain particulars to the registrar; to restrict the number of banking institutions which may be controlled by a controlling banking institution or a bank con-

transaksies deur bankinstellings; die stigting of verkryging van 'n filiaal deur 'n bankinstelling aan die goedkeuring van die registrateur onderworpe te stel; die voorlegging van sekere besonderhede deur bankinstellings aan die registrateur te vereis; die getal bankinstellings wat deur 'n beherende-bankinstelling of 'n bankbeheermaatskappy beheer mag word, te beperk; verteenwoordiging in die Republiek van buitelandse banke aan die goedkeuring van die registrateur onderworpe te stel; die uitreiking van sekere soorte aandele asook die registrasie van aandele op die naam van 'n genomineerde te verbied; voorsiening te maak vir die verstrekking van sekere inligting deur aandeelhouers van 'n bankinstelling of bankbeheermaatskappy en vir die klassifisering van aandeelhouers; bankinstellings, bankbeheermaatskappye en hulle amptenare in geval van optrede te goeder trou te vrywaar teen vervolging; aandelebesit in bankinstellings en in bankbeheermaatskappye te beperk; voorsiening te maak vir die vermindering onder sekere omstandighede van die aandelebesit van buitelanders in bankinstellings en bankbeheermaatskappye; en aansuiwering van die lederegister te vereis; en tot wysiging van die Bouverenigingswet, 1965, ten einde die uitdrukking „voorgeskrewe beleggings" nader te omskryf; die omstandighede waaronder sekere aandele terugbetaal mag word, uit te brei; en die vereistes ten opsigte van takouditeure te wysig; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.

(*Engelse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op 5 Julie* 1976.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 1 van Wet 27 van 1943, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 73 van 1951, artikel 39 van Wet 24 van 1956, artikel 50 van Wet 25 van 1956, artikel 1 van Wet 79 van 1959, artikel 1 van Wet 10 van 1965, artikel 1 van Wet 41 van 1966, artikel 1 van Wet 65 van 1968, artikel 1 van Wet 39 van 1969 en artikel 1 van Wet 91 van 1972.

1. Artikel 1 van die Versekeringswet, 1943, word hierby gewysig—

(*a*) deur in subartikel (1) subparagraaf (iii) van paragraaf (*a*) van die omskrywing van „goedgekeurde herversekerings" deur die volgende subparagraaf te vervang:

„(iii) in die geval van korttermynversekeringsbesigheid en verpligte derdeparty-versekeringsbesigheid, enige herversekerings aangegaan onder 'n herversekeringspolis of -kontrak ingevolge waarvan die herversekeraar in die Republiek geld hou by die versekeraar deur wie die herversekering aangegaan is waarop die versekeraar 'n eerste aanspraak en pandreg het as sekuriteit teen verliese wat veroorsaak mag word ingeval die herversekeraar versuim om sy verpligtings kragtens bedoelde polis of kontrak na te kom of ingeval bedoelde polis of kontrak om die een of ander rede ten einde kom;";

(*b*) deur in genoemde subartikel (1) die omskrywing van „binnelandse versekeraar" deur die volgende omskrywing te vervang:

„,binnelandse versekeraar' beteken 'n geregistreerde versekeraar wie se hoofkantoor in die Republiek is, en ook enige ander geregistreerde versekeraar wat ingevolge subartikel (4) van artikel 3*quat* geag word 'n binnelandse versekeraar te wees;";

(*c*) deur in genoemde subartikel (1) die omskrywing van „begrafnispolis" deur die volgende omskrywing te vervang:

„,begrafnispolis' beteken 'n polis waarby die versekeraar 'n verpligting aanvaar as teenprestasie vir 'n premie of die belofte van 'n premie om, by die dood van iemand, voordele te verskaf waarby be-

trolling company; to subject representation in the Republic of foreign banks to the approval of the registrar; to prohibit the issue of certain types of shares as well as the registration of shares in the name of a nominee; to provide for the submission of certain information by shareholders of a banking institution or a bank controlling company and for the classification of shareholders; to indemnify banking institutions, bank controlling companies and their officers against prosecution in the case of *bona fide* actions; to limit shareholding in banking institutions and in bank controlling companies; to provide for the reduction in certain circumstances of the shareholdings of foreigners in banking institutions and bank controlling companies; and to require adjustment of the register of members; and to amend the Building Societies Act, 1965, so as to further define the expression "prescribed investments"; to extend the circumstances under which certain shares may be repaid; and to alter the requirements in respect of branch auditors; and to provide for incidental matters.

(*English text signed by the State President.*)
(*Assented to* 5 *July* 1976.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

1. Section 1 of the Insurance Act, 1943, is hereby amended— Amendment of section 1 of Act 27 of 1943, as amended by section 2 of Act 73 of 1951, section 39 of Act 24 of 1956, section 50 of Act 25 of 1956, section 1 of Act 79 of 1959, section 1 of Act 10 of 1965, section 1 of Act 41 of 1966, section 1 of Act 65 of 1968, section 1 of Act 39 of 1969 and section 1 of Act 91 of 1972.

(*a*) by the substitution in subsection (1) for subparagraph (iii) of paragraph (*a*) of the definition of "approved reinsurances" of the following subparagraph:

"(iii) in the case of short-term insurance business and compulsory third party insurance business, any reinsurances effected under a policy or contract of reinsurance in terms of which the reinsurer maintains in the Republic moneys with the insurer by whom such reinsurance was effected on which the insurer has a prior charge and lien as security against losses which may be occasioned by the failure of the reinsurer to discharge his obligations under the said policy or contract or by the termination of such policy or contract for any reason;";

(*b*) by the substitution in the said subsection (1) for the definition of "domestic insurer" of the following definition:

"'domestic insurer' means a registered insurer whose head office is in the Republic and includes any other registered insurer who is in terms of subsection (4) of section 3*quat* deemed to be a domestic insurer;";

(*c*) by the substitution in the said subsection (1) for the definition of "funeral policy" of the following definition:

"'funeral policy' means a policy whereby the insurer assumes an obligation, in return for a premium or the promise of a premium, to provide, on the death of any person, benefits which involve

drae wat in die geheel hoogstens vyfhonderd rand beloop, betrokke is en wat hoofsaaklik bestaan uit—

(*a*) voorsiening vir die begrafnis van daardie persoon; of

(*b*) die toestaan van 'n ander nie-geldelike voordeel aan iemand,

afgesien daarvan of die polis voorsiening maak vir die betaling, na keuse van die versekeraar of iemand anders, van 'n som geld in plaas van die voorsiening van bedoelde begrafnis of die toestaan van bedoelde ander nie-geldelike voordeel, en afgesien daarvan of dit voorsiening maak vir die betaling van 'n som geld benewens die voorsiening van bedoelde begrafnis of die toestaan van bedoelde ander nie-geldelike voordeel;";

(*d*) deur in genoemde subartikel (1) die omskrywing van „nywerheidspolis" deur die volgende omskrywing te vervang:

„'nywerheidspolis' beteken 'n ander polis as 'n begrafnispolis, waarin die versekeraar so 'n verpligting aanvaar as wat beskrywe word in die omskrywing van die woord 'lewenspolis' wat nie in waarde die bedrag van duisend rand te bowe gaan nie as teenprestasie vir 'n premie of vir 'n belofte van 'n premie wat van tyd tot tyd betaal moet word met tussenpose van nie meer as twee maande nie, as die versekeraar uitdruklik of stilswygend belowe het om van tyd tot tyd iemand na die eienaar van die polis of na sy woning of werkplek te stuur om die premies in te samel;";

(*e*) deur in genoemde subartikel (1) paragraaf (*a*) van die omskrywing van „versekeringsbesigheid" deur die volgende paragraaf te vervang:

„(*a*) die werksaamhede van 'n onderlinge hulpvereniging, tensy so 'n vereniging iemand in diens het wie se vernaamste besoldigde werksaamheid daaruit bestaan om persone te beweeg om lede van die vereniging te word, of om lede van die vereniging by hul woonplekke of hul werkplekke te besoek ten einde bydraes of intekengelde tot die fondse van die vereniging van hulle in te vorder, of tensy so 'n onderlinge hulpvereniging 'n jaargeld van meer as honderd vier-en-veertig rand per jaar toeken, of voorsiening maak ten opsigte van 'n lid of ander persoon vir betalings, hetsy by die dood van so 'n lid of ander persoon of in die vorm van 'n begiftiging of uitkeringsversekering op die lewe van so 'n lid of ander persoon, wat in die geheel die som van duisend rand (afgesien van bonusse) te bowe gaan, te eniger tyd na die datum van inwerkingtreding van die Wet op Onderlinge Hulpverenigings, 1956, en nie by wyse van vervulling van 'n verpligting wat voor bedoelde datum bestaan het nie;";

(*f*) deur in genoemde subartikel (1) na die omskrywing van „motorbesigheid" die volgende omskrywing in te voeg:

„'onderlinge versekeraar' beteken 'n versekeraar—

(*a*) van wie al die lede—

(i) lidmaatskap verwerf slegs uit hoofde daarvan dat hulle eienaars van polisse is wat deur die versekeraar uitgereik is; en

(ii) geregtig is om deel te hê in die uitoefening van beheer deur 'n algemene vergadering van daardie versekeraar; en

amounts not exceeding in the aggregate five hundred rand and which consist principally of—

(*a*) provision for the funeral of that person; or

(*b*) the grant of some other non-monetary benefit to any person,

whether or not the policy provides for the payment, at the option of the insurer or any other person, of a sum of money in lieu of the provision of such funeral or the grant of such other non-monetary benefit, and whether or not it provides for the payment of a sum of money in addition to the provision of such funeral or the grant of such other non-monetary benefit;";

(*d*) by the substitution in the said subsection (1) for the definition of "industrial policy" of the following definition:

"'industrial policy' means a policy (other than a funeral policy) whereby the insurer assumes such an obligation as is described in the definition of the expression 'life policy', not exceeding in value the sum of one thousand rand, in return for a premium or the promise of a premium payable from time to time at intervals not exceeding two months, if the insurer has expressly or tacitly undertaken to send a person from time to time to the owner of the policy or to his residence or place of work to collect the premiums;";

(*e*) by the substitution in the said subsection (1) for paragraph (*a*) of the definition of "insurance business" of the following paragraph:

"(*a*) the activities of a friendly society, unless such society employs a person whose main remunerated occupation consists of inducing persons to become members of the society, or of calling on members of the society at their residences or places of work for the purpose of collecting from them contributions or subscriptions towards the society's funds, or unless such friendly society grants any annuity exceeding one hundred and forty-four rand per annum, or provides in respect of any member or other person for payments either on the death of such member or other person or in the form of an endowment or endowment insurance on the life of such member or other person, exceeding in all the sum of one thousand rand (exclusive of bonuses), at any time after the date of commencement of the Friendly Societies Act, 1956, and not in fulfilment of any obligations in existence before the said date;";

(*f*) by the insertion in the said subsection (1) after the definition of "motor business" of the following definition:

"'mutual insurer' means an insurer—

(*a*) of whom all members—

(i) qualify as such by virtue only of their being owners of policies issued by the insurer; and

(ii) are entitled to participate in the exercise of control in general meeting of that insurer; and

(*b*) wie se winste slegs aan eienaars van polisse, uitgereik deur die versekeraar, uitkeerbaar is,

ooreenkomstig die aktes ingevolge waarvan hy opgerig is en besigheid dryf."; en

(*g*) deur paragraaf (*b*)*bis* van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(*b*)*bis* word goedgekeurde herversekerings in subparagraaf (iii) van paragraaf (*a*) van die omskrywing van ‚goedgekeurde herversekerings' in subartikel (1) bedoel, nie geag die voorwaardelike verbintenisse ingevolge nog lopende polisse van die versekeraar wat die herversekerings aangegaan het, te dek vir 'n groter bedrag as die bedrag van die geld wat die herversekeraar in die Republiek by die versekeraar hou en waarop die versekeraar 'n eerste aanspraak en pandreg het as sekuriteit teen enige verliese wat weens versuim van die herversekeraar om sy verpligtings ingevolge die betrokke polis of kontrak na te kom, of ingeval bedoelde polis of kontrak om enige rede ten einde kom, mag ontstaan nie;".

Invoeging van artikel 3*quat* in Wet 27 van 1943.

2. Die volgende artikel word hierby in die Versekeringswet, 1943, na artikel 3*ter* ingevoeg:

„Omskepping van buitelandse versekeraars tot binnelandse versekeraars.

3*quat*. (1) Enige buitelandse versekeraar wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Finansiële Instellings, 1976, een of meer soorte versekeringsbesigheid wettig in die Republiek gedryf het, moet binne 'n tydperk van twee jaar na sodanige inwerkingtreding—

(*a*) indien hy nie 'n onderlinge versekeraar is nie, 'n plan aan die registrateur voorlê vir die oordrag, binne die tydperk in die voorbehoudsbepaling by artikel 4 (3)*ter* vermeld, van sy versekeringsbesigheid wat hy in die Republiek dryf, aan een of meer binnelandse versekeraars; of

(*b*) indien hy 'n onderlinge versekeraar is—

(i) 'n plan voorlê ooreenkomstig die bepalings van paragraaf (*a*); of

(ii) 'n aansoek aan die registrateur voorlê om die uitreiking van 'n sertifikaat ingevolge subartikel (3).

(2) Met 'n plan vermeld in paragraaf (*a*) of (*b*) (i) van subartikel (1) word gehandel asof dit 'n regshandeling is waarop subartikel (1) (*b*) van artikel 25 van toepassing is, ondanks andersluidende bepalings van daardie artikel.

(3) Op aansoek van 'n buitelandse versekeraar wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Finansiële Instellings, 1976, wettig versekeringsbesigheid in die Republiek gedryf het en 'n onderlinge versekeraar is, kan die registrateur 'n sertifikaat uitreik dat sodanige versekeraar 'n binnelandse versekeraar geag word, mits sodanige buitelandse versekeraar die registrateur oortuig het dat—

(*a*) hy sy versekeringsbesigheid in die Republiek dryf onder die bestuur van 'n plaaslike raad, waarvan—

(i) die lidmaatskap nie minder as vier persone is nie; en

(ii) die bevoegdhede die bevoegdheid insluit om te bepaal, behoudens die bepalings van

(*b*) whose profits are distributable only to owners of policies issued by the insurer,

in accordance with the instruments under which he was constituted and carries on business."; and

(*g*) by the substitution for paragraph (*b*)*bis* of subsection (2) of the following paragraph:

"(*b*)*bis* approved reinsurances referred to in subparagraph (iii) of paragraph (*a*) of the definition of 'approved reinsurances' in subsection (1), shall not be deemed to cover the contingent liabilities under unmatured policies of the insurer by whom such reinsurances have been effected, to an amount exceeding the amount of the moneys maintained in the Republic by the reinsurer with the insurer and on which the insurer has a prior charge and lien as security against losses which may be occasioned by the failure of the reinsurer to discharge his obligations under the relevant policy or contract or by the termination for any reason of such policy or contract;".

Insertion of section 3*quat* in Act 27 of 1943.

2. The following section is hereby inserted in the Insurance Act, 1943, after section 3*ter:*

"Conversion of foreign insurers into domestic insurers.

3*quat*. (1) Any foreign insurer who immediately before the commencement of the Financial Institutions Amendment Act, 1976, was lawfully carrying on one or more classes of insurance business in the Republic, shall within a period of two years after such commencement—

(*a*) if he is not a mutual insurer, submit a scheme to the registrar for the transfer of his insurance business which he carries on in the Republic to one or more domestic insurers within the period mentioned in the proviso to section 4 (3)*ter*; or

(*b*) if he is a mutual insurer—

(i) submit a scheme in accordance with the provisions of paragraph (*a*); or

(ii) submit an application to the registrar for the issue of a certificate in terms of subsection (3).

(2) A scheme mentioned in paragraph (*a*) or (*b*) (i) of subsection (1) shall be dealt with as if it were a transaction to which subsection (1) (*b*) of section 25 applies, notwithstanding anything to the contrary contained in that section.

(3) On application by a foreign insurer who immediately before the commencement of the Financial Institutions Amendment Act, 1976, was lawfully carrying on insurance business in the Republic and is a mutual insurer, the registrar may issue a certificate that such insurer is deemed to be a domestic insurer, if such foreign insurer has satisfied the registrar that—

(*a*) he carries on his insurance business in the Republic under the management of a local board, of which—

(i) the membership is not less than four persons; and

(ii) the powers include the power to determine, subject to the provisions of section 17, in

artikel 17, op watter wyse die fondse wat deur die versekeraar in die Republiek besit word ten opsigte van die besigheid wat hy in die Republiek dryf, belê moet word;

(*b*) hy aan die bepalings van artikel 17 voldoen;

(*c*) op 'n waarderingsgrondslag wat vir die registrateur aanneemlik is, die verhouding waarin die waarde van die bates wat hy in die Republiek besit ten opsigte van die besigheid wat hy in die Republiek dryf tot die waarde van die verbintenisse ten opsigte van sodanige besigheid staan, nie kleiner is nie as dié waarin die waarde van die bates wat hy besit ten opsigte van die besigheid wat hy buite die Republiek dryf, tot die waarde van die verbintenisse ten opsigte van laasgenoemde besigheid staan, of kleiner is slegs in so 'n mate as wat billik is in die spesiale omstandighede wat betrekking het op die besigheid wat hy binne die Republiek dryf en wat hy buite die Republiek dryf; en

(*d*) geen eienaars van polisse, behalwe eienaars van polisse wat 'n deel uitmaak van die besigheid wat hy in die Republiek dryf, en geen skuldeisers, behalwe skuldeisers ten opsigte van sodanige besigheid, enige aanspraak het op die bates wat hy ten opsigte van sodanige besigheid besit nie;

en mits die samestelling van die raad vermeld in paragraaf (*a*) aan die registrateur bekend gemaak is en die bevoegdhede daarvan deur hom goedgekeur is.

(4) Wanneer die registrateur 'n sertifikaat ingevolge subartikel (3) ten opsigte van 'n buitelandse versekeraar uitgereik het, dan, ondanks andersluidende bepalings van hierdie Wet of 'n ander wet—

(*a*) word sodanige buitelandse versekeraar by die toepassing van hierdie Wet en vanaf 'n datum wat in dié sertifikaat genoem moet word, geag 'n binnelandse versekeraar te wees ten opsigte van die versekeringsbesigheid wat hy in die Republiek dryf;

(*b*) wat betref die in paragraaf (*a*) van subartikel (3) vermelde raad—

(i) moet hy enige verandering in die raad se samestelling aan die registrateur openbaar; en

(ii) kan hy nie die raad se bevoegdhede verander sonder goedkeuring van die registrateur nie;

(*c*) word hy wat betref sy versekeringsbesigheid in die Republiek by die toepassing van hierdie Wet geag 'n regspersoon te wees;

(*d*) het hy wat sodanige besigheid betref dieselfde bevoegdheid om onroerende goed in die Republiek te verkry en te besit asof hy 'n maatskappy is wat in die Republiek geïnkorporeer is; en

(*e*) mag die versekeraar nie, tensy—

(i) die bepalings van artikel 17 nagekom word;

(ii) voldoen word aan die vereistes van paragraaf (*c*) van subartikel (3); en

(iii) die skriftelike goedkeuring van die waardeerder, die plaaslike raad vermeld in paragraaf (*a*) van subartikel (3) en die registrateur verkry is,

van die bates wat hy in die Republiek besit ten opsigte van die versekeringsbesigheid wat hy in die Republiek dryf, aan ander besigheid wat hy dryf, oordra nie.".

what manner the funds held by the insurer in the Republic in respect of the business which he carries on in the Republic shall be invested;

(*b*) he complies with the provisions of section 17;

(*c*) on a basis of valuation that is acceptable to the registrar, the proportion which the value of the assets which he holds in the Republic in respect of the business which he carries on in the Republic bears to the value of the liabilities in respect of such business, is not less than that which the value of the assets which he holds in respect of the business which he carries on outside the Republic bears to the value of the liabilities in respect of the last-mentioned business or is less to such extent only as is equitable in the special circumstances that pertain to the business that he carries on inside the Republic and that he carries on outside the Republic; and

(*d*) no owners of policies other than owners of policies forming part of the business carried on by him in the Republic, and no creditors other than creditors in respect of such business have any claim to the assets held by him in respect of such business;

and if the constitution of the board mentioned in paragraph (*a*) has been made known to the registrar and its powers have been approved by him.

(4) When the registrar has issued a certificate in terms of subsection (3) in respect of any foreign insurer, then, notwithstanding anything to the contrary contained in this Act or any other law, such foreign insurer—

(*a*) shall for the purposes of this Act and from a date to be stated in such certificate, be deemed to be a domestic insurer in respect of the insurance business carried on by him in the Republic;

(*b*) as regards the local board mentioned in paragraph (*a*) of subsection (3)—

(i) shall disclose any change in its constitution to the registrar; and

(ii) may not change its powers without the approval of the registrar;

(*c*) shall as regards his insurance business in the Republic be deemed to be a juristic person for the purposes of this Act;

(*d*) shall as regards such business have the same power to acquire and to own immovable property in the Republic as if he were a company incorporated in the Republic; and

(*e*) may not, unless—

(i) the provisions of section 17 are complied with;

(ii) the requirements of paragraph (*c*) of subsection (3) are observed; and

(iii) the approval in writing of the valuator, the local board mentioned in paragraph (*a*) of subsection (3), and the registrar has been obtained,

transfer any of the assets which he holds in the Republic in respect of the insurance business which he carries on in the Republic to any other business which he carries on.".

Wysiging van artikel 4 van Wet 27 van 1943, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 19 van 1945, artikel 3 van Wet 73 van 1951, artikel 4 van Wet 79 van 1959, artikel 10 van Wet 64 van 1960, artikel 3 van Wet 10 van 1965 en artikel 2 van Wet 39 van 1969.

3. Artikel 4 van die Versekeringswet, 1943, word hierby gewysig deur subartikel (3)*ter* deur die volgende subartikel te vervang:

„(3)*ter* Ondanks die bepalings van paragraaf (*a*) of (*b*) van subartikel (3)*bis*, word 'n geregistreerde versekeraar wat 'n buitelandse versekeraar is binne die bedoeling van daardie uitdrukking soos in artikel 1 (1) omskryf, en wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Versekering, 1965, enige soort versekeringsbesigheid in die Republiek gedryf het ten opsigte waarvan hy geregistreer was, geag behoorlik ingevolge hierdie Wet geregistreer te wees as 'n buitelandse versekeraar wat gemagtig is om die besigheid te dryf ten opsigte waarvan hy aldus geregistreer is: Met dien verstande dat na verloop van 'n tydperk van drie jaar na die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Finansiële Instellings, 1976, of die langer tydperk wat die registrateur ten opsigte van 'n bepaalde versekeraar mag bepaal, so 'n versekeraar nie langer geag word aldus geregistreer te wees nie.".

Wysiging van artikel 13 van Wet 27 van 1943, soos vervang deur artikel 11 van Wet 73 van 1951 en gewysig deur artikel 10 van Wet 10 van 1965 en artikel 2 van van Wet 41 van 1966.

4. Artikel 13 van die Versekeringswet, 1943, word hierby gewysig deur paragraaf (*a*) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(*a*) Die opgawe moet onder meer insluit—

(i) die bedrag van voorwaardelike verbintenisse van die betrokke versekeraar kragtens nog lopende polisse, bereken ooreenkomstig die bepalings van die Tweede Bylae van hierdie Wet;

(ii) die bedrag, soos beraam deur die versekeraar, van sy verbintenisse ten opsigte van vorderings kragtens polisse wat voor die datum van verstryking van die in artikel 12 bedoelde boekjaar aan die versekeraar of 'n agent van die versekeraar bekend gemaak was, maar nie voor dié datum deur die versekeraar betaal was nie, en soos deur die registrateur goedgekeur wat betref korttermyn-versekeringsbesigheid of, by ontstentenis van sodanige goedkeuring, soos beraam deur die registrateur wat sodanige besigheid betref;

(iiA) as die versekeraar enige korttermyn-versekeringsbesigheid gedryf het, die bedrag, soos beraam deur die versekeraar, van sy verbintenisse met betrekking tot vorderings kragtens polisse uitgereik ten opsigte van sodanige besigheid wat ontstaan het maar nie aan die versekeraar of 'n agent van die versekeraar bekendgemaak was nie voor die datum vermeld in subparagraaf (ii), en soos deur die registrateur goedgekeur of, by ontstentenis van sodanige goedkeuring, soos beraam deur die registrateur;

(iii) die bedrag van 'n verbintenis ten opsigte van inkomstebelasting of ander belastings vir die betrokke jaar en vir vorige jare, en, indien so 'n belasting nog nie finaal aangeslaan is nie, 'n beraming van die bedrag van sodanige belastings.".

Wysiging van artikel 15 van Wet 27 van 1943, soos vervang deur artikel 13 van Wet 73 van 1951 en gewysig deur artikel 10 van Wet 79 van 1959, artikel 11 van Wet 10 van 1965 en artikel 3 van Wet 41 van 1966.

5. Artikel 15 van die Versekeringswet, 1943, word hierby gewysig—

(*a*) deur paragraaf (*f*) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(*f*) Elke bate van 'n in paragraaf 3, 4, 4A, 5, 6 of 6A van die Derde Bylae by hierdie Wet vermelde soort wat 'n geregistreerde versekeraar ten opsigte van langtermyn-versekeringsbesigheid besit, moet aangegee word teen 'n bedrag wat die

3. Section 4 of the Insurance Act, 1943, is hereby amended by the substitution for subsection (3)*ter* of the following subsection:

Amendment of section 4 of Act 27 of 1943, as amended by section 1 of Act 19 of 1945, section 3 of Act 73 of 1951, section 4 of Act 79 of 1959, section 10 of Act 64 of 1960, section 3 of Act 10 of 1965 and section 2 of Act 39 of 1969.

"(3)*ter* Notwithstanding the provisions of paragraph (*a*) or (*b*) of subsection (3)*bis*, any registered insurer who is a foreign insurer within the meaning of that term as defined in section 1 (1), and who immediately prior to the commencement of the Insurance Amendment Act, 1965, was carrying on in the Republic any class of insurance business in respect of which he was registered, shall be deemed to be duly registered in terms of this Act as a foreign insurer authorized to carry on the business in respect of which he was so registered: Provided that after the expiry of a period of three years after the commencement of the Financial Institutions Amendment Act, 1976, or such longer period as the registrar may in respect of a particular insurer determine, such insurer shall no longer be deemed to be so registered.".

4. Section 13 of the Insurance Act, 1943, is hereby amended by the substitution for paragraph (*a*) of the following paragraph:

Amendment of section 13 of Act 27 of 1943, as substituted by section 11 of Act 73 of 1951 and amended by section 10 of Act 10 of 1965 and section 2 of Act 41 of 1966.

"(*a*) The statement shall *inter alia* include—

(i) the amount of the contingent liabilities of the insurer concerned under unmatured policies, calculated in accordance with the provisions of the Second Schedule to this Act;

(ii) the amount, as estimated by the insurer, of his liabilities in respect of claims under policies which had been intimated to the insurer or to any agent of the insurer but which had not been paid by the insurer prior to the date of termination of the financial year referred to in section 12, and as approved by the registrar as far as short-term insurance business is concerned or, in the absence of such approval, as estimated by the registrar as far as such business is concerned;

(iiA) if the insurer carried on any short-term insurance business, the amount, as estimated by the insurer, of his liabilities relating to claims under policies issued in respect of such business which had arisen but not been intimated to the insurer or any agent or the insurer prior to the date referred to in subparagraph (ii), and as approved by the registrar or, in the absence of such approval, as estimated by the registrar;

(iii) the amount of any liability in respect of income tax or other taxes for the year concerned and for preceding years, and, if any such tax has not been finally assessed, the estimated amount in respect of such taxes.".

5. Section 15 of the Insurance Act, 1943, is hereby amended—

Amendment of section 15 of Act 27 of 1943, as substituted by section 13 of Act 73 of 1951 and amended by section 10 of Act 79 of 1959, section 11 of Act 10 of 1965 and section 3 of Act 41 of 1966.

(*a*) by the substitution for paragraph (*f*) of the following paragraph:

"(*f*) Every asset which a registered insurer holds in respect of long-term insurance business and which is of a kind specified in paragraph 3, 4, 4A, 5, 6 or 6A of the Third Schedule to this Act shall be

kleinste van ondervermelde twee bedrae nie te bowe gaan nie, te wete—

(i) die koste vir die betrokke versekeraar van die verkryging van die bate, na aftrekking van die bedrag aan enige verskuldigde of opgelope rente wat by bedoelde koste ingesluit is, en nadat ten opsigte van makelaarsloon, seëlregte en onderskrywingskommissie, die verrekenings (as daar is) gedoen is wat vereis word volgens die boekhoumetodes wat gewoonlik deur die betrokke versekeraar toegepas word; of

(ii) die bedrag aan kapitaal wat by aflossing betaalbaar is (hetsy in een bedrag of paaiementsgewys):

Met dien verstande dat waar die bedrag kragtens subparagraaf (i) bereken, van die in subparagraaf (ii) bedoelde bedrag verskil, die betrokke versekeraar die bate kan aangee teen 'n bedrag wat bereken is volgens 'n metode van jaarlikse verrekenings deur die registrateur goedgekeur: Met dien verstande voorts dat daar by die bedrag wat volgens die voorafgaande bepalings bereken is, die bedrag aan enige rente wat op die datum waarop die opgawe betrekking het, verskuldig is of opgeloop het, gevoeg kan word.";

(*b*) deur na paragraaf (*f*) die volgende paragraaf in te voeg:

„(*f*A) 'n Bate wat—

(i) 'n geregistreerde versekeraar ten opsigte van langtermyn-versekeringsbesigheid besit;

(ii) nie van 'n in paragraaf (*b*) of 'n in paragraaf 3, 4, 4A, 5, 6 of 6A van die Derde Bylae by hierdie Wet vermelde soort is nie; en

(iii) rentedraend is en nie later as 'n bepaalde datum aflosbaar is nie,

moet aangegee word teen 'n bedrag wat op dieselfde wyse as dié voorgeskryf in paragraaf (*f*) bepaal word: Met dien verstande dat as die registrateur van mening is dat die bate nie teen sodanige bedrag aangegee moet word nie, dit teen 'n bedrag soos bepaal ooreenkomstig paragraaf (*g*) of (*h*), welke ook al van toepassing is op die besondere bate, aangegee moet word;";

(*c*) deur in paragraaf (*g*), na die uitdrukking „paragraaf (*f*)", die woorde „of paragraaf (*f*A)" in te voeg; en

(*d*) deur paragraaf (*h*) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(*h*) Elke bate waarop die bepalings van die voorafgaande paragrawe nie van toepassing is nie, word gewaardeer teen 'n bedrag hoogstens gelyk aan die prys wat by 'n verkoping in die Republiek tussen 'n gewillige koper en 'n gewillige verkoper (tussen wie daar geen ander regstreekse of onregstreekse verband bestaan nie) verkry sou word, soos deur die versekeraar beraam en deur die registrateur goedgekeur, of, indien die registrateur nie 'n beraming deur die versekeraar gemaak, goedkeur nie, soos deur die registrateur beraam.".

Wysiging van artikel 17 van Wet 27 van 1943, soos vervang deur artikel 12 van Wet 10 van 1965

6. Artikel 17 van die Versekeringswet, 1943, word hierby gewysig—

(*a*) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

„(2) (*a*) Die in subartikel (1) (*b*) bedoelde bates

shown at an amount which does not exceed the lesser of the two amounts stated below, namely—

(i) the cost to the insurer concerned of acquiring the asset, after deducting the amount of any interest due or accrued which was included in such cost, and after making such adjustments (if any) in respect of brokerage, stamp duty and underwriting commission as may be required by the methods of bookkeeping habitually applied by the insurer concerned; or

(ii) the amount of capital payable on redemption (whether in one sum or by instalments):

Provided that where the amount arrived at in terms of subparagraph (i) differs from the amount referred to in subparagraph (ii), the insurer concerned may show the asset at an amount which has been arrived at by a method of annual adjustments approved by the registrar: Provided further that to the amount determined in accordance with the foregoing provisions there may be added the amount of any interest due or accrued at the date to which the statements relate.";

(*b*) by the insertion after paragraph (*f*) of the following paragraph:

"(*f*A) Every asset which—

(i) a registered insurer holds in respect of long-term insurance business;

(ii) is not of a kind specified in paragraph (*b*) or in paragraph 3, 4, 4A, 5, 6 or 6A of the Third Schedule to this Act; and

(iii) is interest-bearing and redeemable not later than at a fixed date,

shall be shown at an amount which is determined in the same manner as that prescribed in paragraph (*f*): Provided that if the registrar is of opinion that the asset should not be shown at such amount, it shall be shown at an amount as determined in accordance with paragraph (*g*) or (*h*), whichever is applicable to the particular asset;";

(*c*) by the insertion in paragraph (*g*), after the expression "paragraph (*f*)", of the words "or paragraph (*f*A)"; and

(*d*) by the substitution for paragraph (*h*) of the following paragraph:

"(*h*) Every asset to which the provisions of the preceding paragraphs do not apply shall be valued at an amount not exceeding the price which would be obtained on a sale in the Republic between a willing seller and a willing purchaser (between whom there is no other direct or indirect connection), as estimated by the insurer and approved by the registrar or, if the registrar does not approve of an estimate made by the insurer, as estimated by the registrar.".

6. Section 17 of the Insurance Act, 1943, is hereby amended— Amendment of section 17 of Act 27 of 1943, as substituted by section 12 of Act 10 of 1965 and amended by

(*a*) by the substitution of the following subsection for subsection (2):

"(2) (*a*) The assets referred to in subsection (1) (*b*)

en gewysig deur artikel 4 van Wet 41 van 1966 en artikel 2 van Wet 91 van 1972.

moet, behoudens die bepalings van subartikels (2A) en (3) bates van die in Deel I van die Derde Bylae vermelde soorte insluit met 'n gesamentlike waarde gelyk aan minstens—

(i) dertig persent van die bedrag van die in subartikel (1) (*b*) bedoelde netto verbintenisse met uitsluiting van sodanige netto verbintenisse ten opsigte van langtermyn-versekeringsbesigheid wat met pensioenfondse en uittredingannuïteitsfondse gedryf word; en

(ii) vyftig persent van die bedrag van die bedoelde netto verbintenisse ten opsigte van langtermyn-versekeringsbesigheid wat met pensioenfondse en uittredingannuïteitsfondse gedryf word.

(*b*) Die in paragraaf (*a*) laasbedoelde bates moet, behoudens die bepalings van subartikels (2A) en (3), wissels, skuldbriewe of effekte uitgereik deur of lenings aan die Regering van die Republiek insluit met 'n gesamentlike waarde van minstens—

(i) vyftien persent van die bedrag van die bedoelde netto verbintenisse, met uitsluiting van sodanige netto verbintenisse ten opsigte van langtermyn-versekeringsbesigheid wat met pensioenfondse en uittredingannuïteitsfondse gedryf word; en

(ii) twintig persent van die bedrag van die bedoelde netto verbintenisse ten opsigte van langtermyn-versekeringsbesigheid wat met pensioenfondse en uittredingannuïteitsfondse gedryf word.";

(*b*) deur na subartikel (2) die volgende subartikel in te voeg:

„(2A) Vir die doeleindes van die berekening van verbintenisse kragtens nog lopende polisse vir die doeleindes van die berekening van die bedrag van die netto verbintenisse vermeld in subartikel (2), kan die Minister by regulasie 'n ander veronderstelde rentekoers voorskryf as dié wat ingevolge paragraaf (*c*) van artikel 4 van die Tweede Bylae by hierdie Wet voorgeskryf is, en indien hy so 'n ander veronderstelde rentekoers voorskryf, kan hy by regulasie die betrokke versekeraar verplig om die state aan die registrateur voor te lê wat nodig geag word om aan te toon hoe sy netto verbintenisse bereken is vir die doeleindes van genoemde subartikel (2), en die vorm van sodanige state voorskryf.";

(*c*) deur die volgende voorbehoudsbepaling by subartikel (3) te voeg:

„Met dien verstande dat hierdie subartikel nie van toepassing is nie indien 'n ander veronderstelde rentekoers as dié wat voorgeskryf is ingevolge paragraaf (*c*) van artikel 4 van die Tweede Bylae by hierdie Wet ingevolge subartikel (2A) voorgeskryf is.";

(*d*) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

„(4) 'n Binnelandse versekeraar wat korttermyn-versekeringsbesigheid dryf, moet ten opsigte van sodanige besigheid—

(*a*) bates besit met 'n gesamentlike waarde minstens gelyk aan die bedrag van sy netto verbintenisse ten opsigte van daardie besigheid, plus 'n by-

shall, subject to the provisions of subsections (2A) and (3), include assets of the kinds mentioned in Part I of the Third Schedule having an aggregate value not less than— section 4 of Act 41 of 1966 and section 2 of Act 91 of 1972.

(i) thirty per cent of the amount of the net liabilities referred to in subsection (1) (*b*), excluding such net liabilities in respect of long-term insurance business carried on with pension funds and retirement annuity funds; and

(ii) fifty per cent of the amount of the said net liabilities in respect of long-term insurance business carried on with pension funds and retirement annuity funds.

(*b*) The assets last-mentioned in paragraph (*a*) shall, subject to the provisions of subsections (2A) and (3), include bills, bonds or securities issued by or loans to the Government of the Republic having an aggregate value not less than—

(i) fifteen per cent of the amount of the said net liabilities, excluding such net liabilities in respect of long-term insurance business carried on with pension funds and retirement annuity funds; and

(ii) twenty per cent of the amount of the said net liabilities in respect of long-term insurance business carried on with pension funds and retirement annuity funds.";

(*b*) by the insertion after subsection (2) of the following subsection:

"(2A) For the purposes of calculating the amount of any liabilities under unmatured policies for the purpose of calculating the amount of the net liabilities referred to in subsection (2), the Minister may by regulation prescribe any other assumed rate of interest than that prescribed in terms of paragraph (*c*) of section 4 of the Second Schedule to this Act, and may, if he prescribes such other assumed rate of interest, by regulation require the insurer concerned to submit such statements to the registrar as may be deemed necessary to indicate how the amount of his net liabilities has been calculated for the purposes of the said subsection (2) and prescribe the form of such statements.";

28C. Where a banking institution or bank controlling company or a director, officer, employee or agent of a banking institution or bank controlling company *bona fide* acts or fails to act, on the strength of information reasonably obtained, and thereby unknowingly contravenes a provision of section 28 (2), 28D, 28E, 34 or 34A, he shall not thereby be guilty of an offence, but no person shall, personally or by proxy, exercise the voting rights in respect of any share which was registered in conflict with the provisions of section 28 (2), 28D or 28E after the commencement of the Financial Institutions Amendment Act, 1976.

Limitation of shareholding in a banking institution and bank controlling company.

28D. (1) Subject to the provisions of subsections (2) and (4) of this section and of sections 28B and 28E a banking institution (other than a discount house) or a bank controlling company shall not register shares in it in the name of a person other than a registered banking institution or a registered bank controlling company or a company approved by the registrar in terms of section 12A (4), except in so far as the total nominal value of the shares which are to be registered together with those which are already registered in the name of—

(i) a financial company approved by the registrar in respect of such banking institution or bank controlling company for the purposes of this section, and its associates, does not exceed thirty per cent; and

(ii) any other person and his associates does not exceed ten per cent,

of the total nominal value of all the issued shares in the banking institution or bank controlling company.

(2) The Minister may, in special cases where he is satisfied that it is desirable in the public interest, authorize a banking institution (other than a discount house) or bank controlling company in writing to exceed the percentages mentioned in subsection (1) in respect of domestic shareholders on the conditions and to the extent determined by the Minister.

(3) A discount house shall not register shares in it in the name of a person (other than a registered bank controlling company) and his associates of which the total nominal value exceeds ten per cent of the total nominal value of all the issued shares in the discount house.

(4) Shares which are transferred to the executor, administrator, curator, trustee or guardian in respect of the estate of a deceased shareholder of the banking

bankinstelling of bankbeheermaatskappy of van 'n aandeelhouer wie se boedel gesekwestreer is of van 'n aandeelhouer wat andersins handelingsonbevoeg is, of die likwidateur van 'n regspersoon in die proses van likwidasie, wat 'n aandeelhouer van die bankinstelling of bankbeheermaatskappy is, word nie geag geregistreer te wees op naam van die aandeelhouer *nomine officii* nie maar word geag afsonderlik op naam van die onderskeie begunstigdes geregistreer te wees: Met dien verstande dat in die geval waar so 'n aandeelhouer *nomine officii* vanweë die stemkrag verbonde aan die aandele op sy naam geregistreer, in staat is om die bankinstelling of bankbeheermaatskappy te beheer, die stemkrag wat hy ten opsigte van alle aandele onder sy beheer kan uitoefen, ondanks enige andersluidende bepalings van 'n ander wet, beperk is tot tien persent van die stemme verbonde aan al die uitgereikte aandele van die bankinstelling of bankbeheermaatskappy.

(5) Waar by die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Finansiële Instellings, 1976, die totale nominale waarde van aandele in 'n bankinstelling (uitgesonderd 'n diskontohuis) of bankbeheermaatskappy wat op naam van 'n finansiële maatskappy en sy geassosieerdes of 'n ander persoon en sy geassosieerdes geregistreer is, die betrokke persentasie vermeld in subartikel (1) oorskry, mag, behoudens die bepalings van artikel 28E, die aandele aldus geregistreer bly, maar behalwe met die goedkeuring van die Registrateur, verleen op die voorwaardes wat hy nodig ag, waar hy oortuig is—

(i) dat die belange van die bankinstelling of bankbeheermaatskappy andersins nadelig geraak sal word; en

(ii) dat voldoening aan die perke in subartikel (1) bedoel, nie oormatig vertraag sal word nie,

mag geen ander aandele in die bankinstelling of bankbeheermaatskappy op naam van daardie aandeelhouer of sy geassosieerdes geregistreer word nie, solank die betrokke persentasie oorskry word.

(6) Indien by die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Finansiële Instellings, 1976, die totale nominale waarde van aandele in 'n diskontohuis wat op naam van 'n persoon en sy geassosieerdes geregistreer is, die verhouding bedoel in subartikel (3) oorskry, mag geen verdere aandele op naam van sodanige persoon of dié van sy geassosieerdes geregistreer word nie en moet die diskontohuis binne ses maande vanaf die datum van genoemde inwerkingtreding 'n skema aan die registrateur voorlê waarvolgens die aandeelhoudings wat die perk genoem in subartikel (3) oorskry, binne 'n vir die registrateur aanneemlike tydperk verminder sal word in die mate dat aan die vereiste verhouding voldoen sal word.

(7) Die bepalings van subartikels (5) en (6) word nie so vertolk dat solank daar 'n oorskryding van die betrokke verhouding is, aandele nie binne 'n groep geassosieerdes oorgedra mag word nie.

Beperking op aandelebesit van buitelanders in 'n bankinstelling en bankbeheermaatskappy.

28E. (1) Behoudens die bepalings van subartikels (2), (5), (6), (7) en (8) mag 'n bankinstelling of 'n bankbeheermaatskappy nie aandele in hom registreer nie—

(*a*) op naam van 'n buitelandse aandeelhouer, indien die totale nominale waarde van aandele in daardie bankinstelling of bankbeheermaatskappy op naam van daardie aandeelhouer

institution or bank controlling company or of a shareholder whose estate has been sequestrated or of a shareholder who is otherwise incapable of contracting or the liquidator of a corporate body in the process of liquidation, which is a shareholder of the banking institution or bank controlling company, shall not be deemed to be registered in the name of the shareholder *nomine officii* but shall be deemed to be registered separately in the name of the various beneficiaries: Provided that in the case where such a shareholder *nomine officii*, owing to the voting power attached to shares registered in his name, is able to control the banking institution or bank controlling company, the voting power which he can exercise in respect of all the shares under his control shall, notwithstanding anything to the contrary contained in any other law, be limited to ten per cent of the votes attached to all the issued shares of the banking institution or bank controlling company.

(5) Where at the commencement of the Financial Institutions Amendment Act, 1976, the total nominal value of shares in a banking institution (other than a discount house) or bank controlling company, registered in the name of a financial company and its associates or any other person and his associates, exceeds the relative percentage mentioned in subsection (1), the shares may, subject to the provisions of section 28E, remain so registered but, save with the approval of the Registrar, granted on such conditions as he deems necessary where he is satisfied—

(i) that the interests of the banking institution or bank controlling company will otherwise be detrimentally affected; and

(ii) that compliance with the limits referred to in subsection (1) will not be unduly delayed,

no further shares in the banking institution or bank controlling company shall be registered in the name of that shareholder or his associates as long as the relative percentage is exceeded.

(6) If at the commencement of the Financial Institutions Amendment Act, 1976, the total nominal value of shares in a discount house, which is registered in the name of a person and his associates, exceeds the ratio referred to in subsection (3), no further shares shall be registered in the name of such person or that of his associates, and the discount house shall within six months from the date of the said commencement submit a scheme to the registrar whereby the shareholdings which exceed the limit mentioned in subsection (3) will be reduced within a period acceptable to the registrar to the extent that the required ratio will be complied with.

(7) The provisions of subsections (5) and (6) shall not be construed as meaning that as long as the relative ratio is exceeded, shares may not be transferred within a group of associates.

Limitation of share-holding by foreigners in a banking institution and bank controlling company.

28E. (1) Subject to the provisions of subsections (2), (5), (6), (7) and (8) a banking institution or a bank controlling company shall not register any shares in it—

(*a*) in the name of a foreign shareholder if the total nominal value of shares in that banking institution or bank controlling company registered in the name of that shareholder together with

geregistreer tesame met dié van sodanige aandele op naam van daardie aandeelhouer se geassosieerdes geregistreer, indien daar is, tien persent van die totale nominale waarde van al die uitgereikte aandele in daardie bankinstelling of bankbeheermaatskappy oorskry;

(*b*) op naam van 'n buitelandse bank of sy geassosieerde of op naam van 'n finansiële maatskappy wat regstreeks of onregstreeks deur buitelandse aandeelhouers beheer word of op naam van so 'n maatskappy se geassosieerde, indien die totale nominale waarde van alle aandele in die bankinstelling of bankbeheermaatskappy wat op naam van buitelandse banke en dié van hulle geassosieerdes geregistreer is, plus dié wat op naam van finansiële maatskappye wat regstreeks of onregstreeks deur buitelandse aandeelhouers beheer word en op naam van hulle geassosieerdes geregistreer is, dertig persent van die nominale waarde van al die uitgereikte aandele van die bankinstelling of bankbeheermaatskappy oorskry.

(2) Die Minister kan—

(*a*) ondanks die bepalings van subartikel (1) (*a*), in 'n bepaalde geval goedkeur, op die voorwaardes wat hy wenslik ag, dat aandele in 'n bankinstelling (uitgesonderd 'n diskontohuis) met 'n totale nominale waarde gelykstaande met hoogstens dertig persent van die nominale waarde van al die uitgereikte aandele van die bankinstelling geregistreer word op naam van 'n goedgekeurde finansiële maatskappy of goedgekeurde finansiële maatskappye wat regstreeks of onregstreeks deur buitelandse aandeelhouers beheer word en van sy of hulle geassosieerdes, indien die Minister oortuig is dat dit in die openbare belang wenslik is en dat dit nie daartoe kan lei dat die binnelandse aandeelhouers die beheer oor die bankinstelling verloor nie;

(*b*) ondanks die bepalings van subartikels (1), (3) en (6), in 'n bepaalde geval waar hy oortuig is dat dit in die openbare belang wenslik is, goedkeur, op die voorwaardes wat hy bepaal, dat aandele in 'n bankinstelling (uitgesonderd 'n diskontohuis) of 'n bankbeheermaatskappy met 'n totale nominale waarde gelykstaande met hoogtens vyftig persent (of, gedurende die tydperk wat die Minister bepaal, die hoër persentasie wat hy goedkeur) van die nominale waarde van al die uitgereikte aandele van die bankinstelling of bankbeheermaatskappy, na gelang van die geval, geregistreer word op naam van 'n buitelandse bank of buitelandse banke;

(*c*) ondanks die bepalings van artikel 28 (2), in 'n geval in paragraaf (*b*) bedoel, goedkeur dat die aandele wat 'n buitelandse bank of buitelandse banke in 'n bankinstelling of bankbeheermaatskappy hou, geregistreer word op naam van 'n buitelandse maatskappy indien al die aandele in daardie maatskappy gehou word deur daardie bank of banke en waarborge ten genoeë van die Minister verstrek is dat geen aandele in vermelde maatskappy aan 'n ander persoon as 'n deur die Minister goedgekeurde bank of 'n binnelandse aandeelhouer vervreem sal word nie.

(3) Indien by die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Finansiële Instellings, 1976, in 'n

that of such shares registered in the name of associates of that shareholder, if any, exceeds ten per cent of the total nominal value of all the issued shares in that banking institution or bank controlling company;

(*b*) in the name of a foreign bank or its associate or in the name of a financial company which is directly or indirectly controlled by foreign shareholders or in the name of an associate of such a company, if the total nominal value of all the shares in the banking institution or bank controlling company registered in the name of foreign banks and that of their associates, plus those registered in the name of financial companies which are directly or indirectly controlled by foreign shareholders and in the name of their associates exceeds thirty per cent of the nominal value of all the issued shares of the banking institution or bank controlling company.

(2) The Minister may—

(*a*) notwithstanding the provisions of subsection 1 (*a*), in a particular case approve, on the conditions which he deems desirable, that shares in a banking institution (other than a discount house) of a total nominal value equal to not more than thirty per cent of the nominal value of all the issued shares of the banking institution be registered in the name of an approved financial company or approved financial companies directly or indirectly controlled by foreign shareholders, and of its or their associates, if the Minister is satisfied that it is desirable in the public interest and that it cannot lead to the domestic shareholders' losing control of the banking institution;

(*b*) notwithstanding the provisions of subsections (1), (3) and (6), in a particular case where he is satisfied that it is desirable in the public interest, approve, on the conditions which he determines, that shares in a banking institution (other than a discount house) or bank controlling company of a total nominal value equal to not more than fifty per cent (or, during such period as the Minister may determine, such higher percentage as he may approve) of the nominal value of all the issued shares of the banking institution or bank controlling company, as the case may be, be registered in the name of a foreign bank or foreign banks;

(*c*) notwithstanding the provisions of section 28 (2), in a case envisaged in paragraph (*b*), approve that the shares held by a foreign bank or foreign banks in a banking institution or bank controlling company be registered in the name of a foreign company if all the shares in such company are held by the said bank or banks and warranties to the satisfaction of the Minister are furnished to the effect that no shares in the said company will be alienated to any person other than a bank approved by the Minister or a domestic shareholder.

(3) If at the commencement of the Financial Institutions Amendment Act, 1976, in any particular

bepaalde geval die persentasieverhouding in subartikel (1) (*a*) of in subartikel (1) (*b*) genoem, oorskry word, mag die aandele, behoudens die bepalings van subartikels (5), (6) en (7), op naam van die betrokke aandeelhouers geregistreer bly, maar in die geval van 'n oorskryding van die verhouding bedoel in subartikel (1) (*a*) mag die bankinstelling of bankbeheermaatskappy geen ander aandele op naam van die betrokke aandeelhouer of sy geassosieerdes registreer nie solank die vermelde persentasie van tien persent of die hoër persentasie wat die Minister ingevolge subartikel (2) goedgekeur het, of die persentasie in subartikel (6) bedoel, of, behoudens die bepalings van 'n skema ingevolge subartikel (5) of van 'n onderneming ingevolge subartikel (9), die persentasie van vyftig persent in daardie subartikels genoem, oorskry word, en in die geval van 'n oorskryding van die verhouding bedoel in paragraaf (*b*) van subartikel (1) mag die bankinstelling of bankbeheermaatskappy geen aandele op naam van enige buitelandse bank of sy geassosieerde of op naam van 'n in daardie paragraaf bedoelde finansiële maatskappy of sy geassosieerde registreer nie solank die vermelde persentasie van dertig persent oorskry word.

(4) Die bepalings van subartikel (3) word nie so vertolk dat solank daar 'n oorskryding van die betrokke verhouding is, aandele nie binne die groep geassosieerdes oorgedra mag word nie.

(5) Indien by die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Finansiële Instellings, 1976, aandele in 'n bankinstelling of 'n bankbeheermaatskappy op naam van 'n buitelandse bank of banke geregistreer is waarvan die totale nominale waarde, tesame met dié van aandele wat op naam van bedoelde bank of banke se geassosieerdes geregistreer is, vyftig persent van die totale nominale waarde van die uitgereikte aandele van die bankinstelling of bankbeheermaatskappy, na gelang van die geval, oorskry, moet die bankinstelling of bankbeheermaatskappy binne een jaar na genoemde inwerkingtreding aan die Minister—

(*a*) 'n skema voorlê waarin die stappe uiteengesit word wat beoog word om binne 'n vir die Minister aanneemlike tydperk die aandeelhouding van die buitelandse bank of banke en sy of hulle geassosieerdes in die bankinstelling of bankbeheermaatskappy te verminder tot 'n totale nominale waarde gelyk aan nie meer nie as vyftig persent van die totale nominale waarde van al die uitgereikte aandele in die bankinstelling of bankbeheermaatskappy; en

(*b*) 'n onderneming verstrek dat alle aandele wat uitgereik of oorgedra word met die oog op die bereiking van die aandeelhoudingsperk van vyftig persent vermeld in paragraaf (*a*), geregistreer sal word op naam van binnelandse aandeelhouers.

(6) Indien by die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Finansiële Instellings, 1976, aandele in 'n bankinstelling of bankbeheermaatskappy op naam van 'n buitelandse bank of banke geregistreer is waarvan die totale nominale waarde tesame met dié van aandele wat op naam van dié bank of banke se geassosieerdes geregistreer is, die perk vermeld in subartikel (1) (*a*) oorskry maar minder as vyftig persent bedra van die totale nominale waarde van die uitgereikte aandele van die bank-

case the percentage ratio mentioned in subsection (1) (*a*) or in subsection (1) (*b*) is exceeded, the shares may, subject to the provisions of subsections (5), (6) and (7), remain registered in the names of the relative shareholders, but in the case of the ratio mentioned in subsection (1) (*a*) being exceeded, the banking institution or bank controlling company shall not register any other shares in the name of the shareholder concerned or his associates as long as the said percentage of ten per cent or such higher percentage as may have been approved by the Minister in terms of subsection (2), or the percentage envisaged in subsection (6) or, subject to the provisions of a scheme in terms of subsection (5) or an undertaking in terms of subsection (9), the percentage of fifty per cent mentioned in those subsections, is exceeded, and in the case of the ratio mentioned in paragraph (*b*) of subsection (1) being exceeded, the banking institution or bank controlling company shall not register any shares in the name of any foreign bank or its associate or in the name of a financial company mentioned in that paragraph or its associate as long as the said percentage of thirty per cent is exceeded.

(4) The provisions of subsection (3) shall not be construed as meaning that as long as the relative ratio is being exceeded, shares may not be transferred within the group of associates.

(5) If at the commencement of the Financial Institutions Amendment Act, 1976, shares in a banking institution or bank controlling company are registered in the name of a foreign bank or banks the total nominal value of which, together with that of shares registered in the names of associates of such bank or banks, exceeds fifty per cent of the total nominal value of the issued shares of the banking institution or the bank controlling company, as the case may be, the banking institution or bank controlling company shall within one year after the said commencement furnish the Minister—

(*a*) with a scheme setting out the steps which are contemplated to reduce within a period acceptable to the Minister, the shareholding of the foreign bank or banks and its or their associates in the banking institution or bank controlling company, to a total nominal value equal to not more than fifty per cent of the total nominal value of all the issued shares in the banking institution or bank controlling company; and

(*b*) with an undertaking that all shares issued or transferred with a view to attaining the shareholding limit of fifty per cent mentioned in paragraph (*a*), shall be registered in the names of domestic shareholders.

(6) If at the commencement of the Financial Institutions Amendment Act, 1976, shares in a banking institution or bank controlling company are registered in the name of a foreign bank or banks of which the total nominal value together with that of shares registered in the names of the associates of the said bank or banks, exceeds the limit mentioned in subsection (1) (*a*) but is less than fifty per cent of the total nominal value of the issued shares of the banking institution or the bank

instelling of bankbeheermaatskappy, na gelang van die geval, mag geen aandele op naam van daardie buitelandse bank of banke of op dié van sy of hulle geassosieerdes geregistreer word nie, as dit ten gevolge sal hê dat die verhouding van die totale nominale waarde van die aandele op genoemde name geregistreer tot die totale nominale waarde van al die uitgereikte aandele van die bankinstelling of bankbeheermaatskappy groter sal wees as wat dié verhouding was op die datum van genoemde inwerkingtreding.

(7) Waar in die geval van 'n bankinstelling of bankbeheermaatskappy bedoel in subartikel (5), die gesamentlike aandeelhouding van die buitelandse bank of banke en sy of hulle geassosieerdes tot die in daardie subartikel beoogde perk van vyftig persent verminder is en bedoelde aandeelhouers verdere aandele vervreem, en ook waar die buitelandse bank of banke bedoel in subartikel (2) (*b*), subartikel (6) of subartikel (8), of sy of hulle geassossieerdes of die maatskappy in subartikel (2) (*c*) bedoel, van hulle aandele in die bankinstelling of bankbeheermaatskappy vervreem, mag die bankinstelling of bankbeheermaatskappy nie daardie aandele oordra nie op naam van 'n ander persoon as 'n binnelandse aandeelhouer of 'n buitelandse bank deur die Minister goedgekeur, totdat die perk vermeld in subartikel (1) (*a*) bereik word.

(8) Die bepalings van subartikel (5) is nie van toepassing nie op 'n bankinstelling of bankbeheermaatskappy bedoel in daardie subartikel, indien die totale bedrag van die uitgereikte aandelekapitaal tesame met die bedrag van die reserwes van die bankinstelling of bankbeheermaatskappy minder as twintigmiljoen rand beloop, en in so 'n geval kan verdere aandele wat die bankinstelling of bankbeheermaatskappy uitreik, op die naam van die buitelandse bank of banke en sy of hulle geassosieerdes geregistreer word totdat die totale bedrag van die uitgereikte aandele en reserwes op die vermelde bedrag te staan kom, waarna alle verdere aandele uitgereik, geregistreer moet word op naam van binnelandse aandeelhouers totdat die totale nominale waarde van alle aandele deur die buitelandse bank of banke en sy of hulle geassosieerdes gehou nie vyftig persent van die nominale waarde van al die uitgereikte aandele van die bankinstelling of bankbeheermaatskappy, na gelang van die geval, oorskry nie.

(9) Ondanks die bepalings van subartikel (5) kan die Minister 'n bankinstelling of bankbeheermaatskappy wat ingevolge daardie subartikel 'n skema moet voorlê, van bedoelde verpligting vrystel indien die bankinstelling of bankbeheermaatskappy 'n skriftelike onderneming verstrek wat vir die Minister aanneemlik is, dat die bankinstelling of bankbeheermaatskappy en die betrokke aandeelhouer of aandeelhouers die beginsel van die vermindering van die buitelandse aandeelhouding soos bepaal in subartikel (5), aanvaar en die nodige stappe sal doen om te verseker dat binne 'n vir die Minister aanneemlike tydperk aan die verhouding van vyftig persent bedoel in subartikel (5) voldoen sal word.

Aansuiwering van lederegister.

28F. 'n Bankinstelling moet binne ses maande na die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Finansiële Instellings, 1976, sy lederegister aansuiwer ten einde aan die bepalings van artikels 28 (2), 28D, 28E, 34 en 34A te kan voldoen.".

controlling company, as the case may be, no shares shall be registered in the name of that foreign bank or banks or in that of its or their associates, if such registration will result in the ratio of the total nominal value of the shares registered in the said names to the total nominal value of all the issued shares of the banking institution or the bank controlling company exceeding that ratio as at the date of the said commencement.

(7) Where in the case of a banking institution or bank controlling company contemplated in subsection (5) the aggregate shareholding of the foreign bank or banks and its or their associates has been reduced to the limit of fifty per cent envisaged in that subsection and those shareholders alienate further shares, and also where the foreign bank or banks mentioned in subsection (2) (*b*), subsection (6) or subsection (8), or its or their associates or the company mentioned in subsection (2) (*c*) alienate any of their shares in the banking institution or bank controlling company, the banking institution or bank controlling company shall not transfer those shares into the name of any person other than a domestic shareholder or a foreign bank approved by the Minister, until the limit mentioned in subsection (1) (*a*) is attained.

(8) The provisions of subsection (5) shall not apply to a banking institution or bank controlling company contemplated in that subsection if the total amount of the issued share capital together with the amount of the reserves of the banking institution or bank controlling company is less than twenty million rand, and in such a case further shares issued by the banking institution or bank controlling company may be registered in the name of the foreign bank or banks and its or their associates until the total amount of the issued capital and reserves reaches the amount mentioned, whereupon all further shares issued shall be registered in the names of domestic shareholders until the total nominal value of all the shares held by the foreign bank or banks and its or their associates does not exceed fifty per cent of the nominal value of all the issued shares of the banking institution or bank controlling company, as the case may be.

(9) Notwithstanding the provisions of subsection (5) the Minister may exempt a banking institution or bank controlling company which in terms of that subsection is required to submit a scheme, from that requirement if the banking institution or bank controlling company furnishes a written undertaking, which is acceptable to the Minister, to the effect that the banking institution or the bank controlling company and the shareholder or shareholders concerned accept the principle of the reduction of the foreign shareholding as provided for in subsection (5) and will take the necessary steps to ensure that the ratio of fifty per cent mentioned in subsection (5) will be complied with within a period which is acceptable to the Minister.

Adjustment of register of members.

28F. A banking institution shall within six months after the commencement of the Financial Institutions Amendment Act, 1976, adjust its register of members so as to enable it to comply with the provisions of sections 28 (2), 28D, 28E, 34 and 34A.".

Vervanging van artikel 29 van Wet 23 van 1965.

51. Artikel 29 van die Bankwet, 1965, word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Beperking op sekere bedrywighede van bankinstellings.

29. (1) 'n Handelsbank mag nie in die Republiek besigheid dryf deur iemand wat nie heeltyds in sy diens staan nie: Met dien verstande dat so 'n bank deposito's deur 'n agent kan werf en aan so 'n agent kommissie ten opsigte daarvan kan betaal.

(2) 'n Ander bankinstelling as 'n handelsbank mag nie sonder die skriftelike goedkeuring van die registrateur geld op deposito aanneem wat deur middel van tjeks opvraagbaar is nie, tensy hy voor 1 Januarie 1975 bedoelde fasiliteit aangebied het.".

Wysiging van artikel 34 van Wet 23 van 1965.

52. Artikel 34 van die Bankwet, 1965, word hierby gewysig deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

„(5) 'n Bankinstelling (uitgesonderd 'n bankinstelling wat geen aandelekapitaal het nie) moet binne 'n tydperk van negentig dae vanaf die datum van sy registrasie of voorlopige registrasie ingevolge hierdie Wet, en daarna binne 'n tydperk van negentig dae vanaf die eerste dag van iedere boekjaar van die instelling of vanaf 'n ander datum wat die registrateur ingevolge paragraaf (*a*) vasstel, die registrateur van 'n lys voorsien, wat deur die instelling se hoof- uitvoerende beampte in die Republiek as juis gesertifiseer is, waarin, onder afsonderlike afdelings vir binnelandse en buitelandse aandeelhouers en met aanduiding van die totale nominale waarde van die aandele in elkeen van die afdelings, vermeld word—

(*a*) die name, in alfabetiese volgorde (maar met samegroepering van aandeelhouers wat geassosieerdes van mekaar is), en die adresse van die aandeelhouers of lede van die instelling aan die einde van die instelling se jongste voorafgaande boekjaar of op 'n ander datum wat die registrateur op versoek van die bankinstelling bepaal, of, as die instelling nog nie sy eerste boekjaar voltooi het op die datum waarop die lys soos vermeld voorsien word nie, op die dag van die instelling se registrasie of voorlopige registrasie ingevolge hierdie Wet;

(*b*) die getal aandele, die nominale waarde van die aandele en die persentasie wat dit verteenwoordig van die totale nominale waarde van al die uitgereikte aandele van die instelling, wat elke sodanige aandeelhouer of lid in die instelling besit of enige ander belang wat hy daarby het, en die bedrag wat hy daarop betaal het op die datum waarop die lys betrekking het;

(*c*) in die geval van binnelandse aandeelhouers, of die aandeelhouer 'n geregistreerde bankinstelling, 'n geregistreerde bankbeheermaatskappy, 'n finansiële maatskappy of 'n ander persoon is, en, in die geval van buitelandse aandeelhouers, of die aandeelhouer 'n bank of finansiële maatskappy of 'n ander persoon is:

Met dien verstande dat 'n instelling geag word die bepalings van hierdie subartikel na te gekom het ten opsigte van 'n binnelandse aandeelhouer of lid wat minder as een persent van die instelling se geplaaste kapitaal besit, en ten opsigte van 'n buitelandse aandeelhouer of lid wat aandele in die instelling besit waarvan die nominale waarde minder is as vyf-en-twintigduisend rand of 'n bedrag wat een persent van die nominale waarde van al die uitgereikte aandele van die instelling verteenwoordig, watter ook al die kleinste is, indien die getal sodanige aandeelhouers of lede in die betrokke lys vermeld word.".

Substitution of section 29 of Act 23 of 1965.

51. The following section is hereby substituted for section 29 of the Banks Act, 1965:

"Limitation on certain activities of banking institutions.

29. (1) A commercial bank shall not carry on any business in the Republic through a person who is not its full-time servant: Provided that such a bank may raise deposits through an agent and pay commission to such agent in respect thereof.

(2) A banking institution other than a commercial bank shall not without the written approval of the Registrar accept deposits of money withdrawable by cheque unless it offered that facility prior to 1 January 1975.".

Amendment of section 34 of Act 23 of 1965.

52. Section 34 of the Banks Act, 1965, is hereby amended by the substitution for subsection (5) of the following subsection:

"(5) A banking institution (other than a banking institution which has no share capital), shall, within a period of ninety days as from the date of its registration or provisional registration under this Act, and thereafter within a period of ninety days as from the first day of every financial year of the institution or as from such other date as the Registrar may in terms of paragraph (*a*) determine, furnish the Registrar with a list, certified as correct by the institution's chief executive officer in the Republic, wherein, under separate sections for domestic and foreign shareholders and indicating the total nominal value of the shares in each of the sections, are set forth—

(*a*) the names in alphabetical order (but with shareholders which are associates of one another grouped together) and the addresses of the shareholders or members of the institution, as at the end of the institution's last preceding financial year or as on such other date as the Registrar may at the request of the banking institution determine, or as on the date of the institution's registration or provisional registration under this Act if on the day when the list is furnished as aforesaid the institution has not completed its first financial year;

(*b*) the number of shares, the nominal value of the shares and the percentage it represents of the total nominal value of all the issued shares of the institution, or any other interest in the institution held by every such shareholder or member, and the amount which he has paid up thereon on the date to which the list relates;

(*c*) in the case of domestic shareholders, whether the shareholder is a registered banking institution, a registered bank controlling company, a financial company or other person, and, in the case of foreign shareholders, whether the shareholder is a bank or a financial company or other person:

Provided that an institution shall be deemed to have complied with the provisions of this subsection in respect of any domestic shareholder or member holding less than one per cent of the institution's subscribed capital, and in respect of a foreign shareholder or member who holds shares in the institution of which the nominal value is less than twenty-five thousand rand or an amount representing one per cent of the nominal value of all the issued shares of the institution, whichever is the smaller, if the number of such shareholders or members is set forth in the list in question.".

Invoeging van artikel 34A in Wet 23 van 1965.

53. Die volgende artikel word hierby in die Bankwet, 1965, na artikel 34 ingevoeg:

„Lyste van direkteure en aandeelhouers van bankbeheermaatskappy moet aan registrateur verskaf word.

34A. 'n Geregistreerde bankbeheermaatskappy moet binne negentig dae vanaf sy registrasie en daarna binne negentig dae vanaf die eerste dag van iedere boekjaar van die maatskappy die registrateur voorsien van lyste soos in subartikels (1) en (5) van artikel 34 bedoel en gesertifiseer op die wyse in daardie subartikels beskryf.".

Wysiging van artikel 1 van Wet 24 van 1965, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 64 van 1968 en artikel 5 van Wet 67 van 1973.

54. Artikel 1 van die Bouverenigingswet, 1965, word hierby gewysig deur in die omskrywing van „voorgeskrewe beleggings" die woord „en" aan die end van paragraaf (*i*) te skrap en paragraaf (*j*) deur die volgende paragrawe te vervang:

„(*j*) wissels, skuldbriewe of effekte uitgereik deur of lenings aan 'n Bantoesake-administrasieraad ingestel ingevolge die Wet op die Administrasie van Bantoesake, 1971 (Wet No. 45 van 1971);

(*k*) die wissels, skuldbriewe of effekte wat die registrateur by kennisgewing in die *Staatskoerant* en onderworpe aan die voorwaardes wat hy in die kennisgewing uiteensit, vir die doeleindes van hierdie omskrywing goedkeur, en wissels, skuldbriewe of effekte uitgereik deur 'n instelling wat hy insgelyks goedkeur; en

(*l*) wissels, skuldbriewe of effekte uitgereik deur die regering van of 'n plaaslike bestuur in 'n ander gebied as die Republiek wat die registrateur by kennisgewing in die *Staatskoerant* en onderworpe aan die voorwaardes wat hy in sodanige kennisgewing uiteensit, vir die doeleindes van hierdie omskrywing goedkeur, en dié uitgereik deur 'n instelling in so 'n goedgekeurde gebied wat hy insgelyks goedkeur;".

Wysiging van artikel 37 van Wet 24 van 1965, soos gewysig deur artikel 9 van Wet 23 van 1970.

55. Artikel 37 van die Bouverenigingswet, 1965, word hierby gewysig deur subartikel (5A) deur die volgende subartikel te vervang:

„(5A) Waar 'n vereniging op 5 Augustus 1969 of daarna 'n vastetermynaandeel uitgegee het met die spesifieke onderneming dat die diwidendkoers gedurende die volle termyn van uitgifte van die aandeel onveranderd sal bly, is die bepalings van subartikels (2) en (5) nie van toepassing nie: Met dien verstande dat—

(*a*) so 'n aandeel nie voor die verstryking van die termyn van uitgifte deur die vereniging afgelos word nie behalwe in die omstandighede vermeld in paragraaf (*a*), (*c*), (*d*), (*e*) of (*f*) van die tweede voorbehoudsbepaling by artikel 28 (6); en

(*b*) 'n vereniging nie 'n lening teen sekuriteit van so 'n aandeel verstrek nie.".

Wysiging van artikel 67 van Wet 24 van 1965, soos gewysig deur artikel 14 van Wet 64 van 1968.

56. Artikel 67 van die Bouverenigingswet, 1965, word hierby gewysig deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

„(3) Die raad of die hoofouditeure handelende met die toestemming van die raad kan 'n takouditeur vir enige tak van die vereniging aanstel wat aftree by afsluiting van die vereniging se eerste jaarlikse algemene vergadering na sy aanstelling, tensy hy eerder by besluit van die lede van die vereniging op 'n algemene vergadering van sy amp onthef word, of tensy hy weer aangestel word.".

53. The following section is hereby inserted in the Banks Act, 1965, after section 34: Insertion of section 34A in Act 23 of 1965.

"Lists of directors and shareholders of bank controlling company to be furnished to registrar.

34A. A registered bank controlling company shall within a period of ninety days as from its registration and thereafter within a period of ninety days as from the first day of every financial year of the company furnish the registrar with such lists as are referred to in subsections (1) and (5) of section 34, certified in the manner indicated in those subsections.".

54. Section 1 of the Building Societies Act, 1965, is hereby amended by the deletion of the word "and" at the end of paragraph (*i*) of the definition of "prescribed investments" and the substitution for paragraph (*j*) of that definition of the following paragraphs: Amendment of section 1 of Act 24 of 1965, as amended by section 1 of Act 64 of 1968 and section 5 of Act 67 of 1973.

"(*j*) bills, bonds or securities issued by or loans to a Bantu Affairs Administration Board established in terms of the Bantu Affairs Administration Act, 1971 (Act No. 45 of 1971);

(*k*) such bills, bonds or securities as the registrar may by notice in the *Gazette* approve for the purposes of this definition subject to such conditions as he may specify in such notice, and bills, bonds or securities issued by an institution which he may likewise approve; and

(*l*) bills, bonds or securities issued by the government of or a local authority in a territory other than the Republic which the registrar may by notice in the *Gazette* approve for purposes of this definition subject to such conditions as he may specify in such notice, and also those issued by an institution in such approved territory which he may likewise approve;".

55. Section 37 of the Building Societies Act, 1965, is hereby amended by the substitution for subsection (5A) of the following subsection: Amendment of section 37 of Act 24 of 1965, as amended by section 9 of Act 23 of 1970.

"(5A) Where a society issued a fixed period share on or after 5 August 1969 with the specific undertaking that the dividend rate during the full currency of the share will remain unaltered, the provisions of subsections (2) and (5) shall not apply: Provided that—

(*a*) such a share shall not be redeemed by the society before the expiry of the period of issue except in the circumstances set forth in paragraph (*a*), (*c*), (*d*), (*e*) or (*f*) of the second proviso to section 28 (6); and

(*b*) a society shall not grant a loan against the security of such a share.".

56. Section 67 of the Building Societies Act, 1965, is hereby amended by the substitution for subsection (3) of the following subsection: Amendment of section 67 of Act 24 of 1965, as amended by section 14 of Act 64 of 1968.

"(3) The board or the main auditors acting with the consent of the board may appoint a branch auditor to any branch of the society who shall retire at the conclusion of the society's first annual general meeting following his appointment unless previously removed from office by a resolution of the members of the society at a general meeting or unless he is re-appointed.".

Kort titel en inwerkingtreding.

57. (1) Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Finansiële Instellings, 1976.

(2) Die bepalings van artikel 5 (*b*), (*c*) en (*d*) word geag op 31 Desember 1974 in werking te getree het, dié van artikels 18 en 20 op 1 Oktober 1975, dié van artikel 34 (*b*) op 1 November 1975, en dié van artikel 55 op 1 Julie 1975.

(3) Die ander bepalings van hierdie Wet tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

(4) Verskillende datums kan ingevolge subartikel (3) ten opsigte van verskillende sodanige bepalings bepaal word.

Short title and commencement.

57. (1) This Act shall be called the Financial Institutions Amendment Act, 1976.

(2) The provisions of section 5 (*b*), (*c*) and (*d*) shall be deemed to have come into operation on 31 December 1974, those of sections 18 and 20 on 1 October 1975, those of section 34 (*b*) on 1 November 1975, and those of section 55 on 1 July 1975.

(3) The other provisions of this Act shall come into operation on a date fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*.

(4) Different dates may in terms of subsection (3) be fixed in respect of different such provisions.